

Vrydag 27 Oktober

Skrifgedeelte: Psalm 119:105, 132-146 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Psalm 119:105

U Woord gee lewe

Psalm 119 is baie keer net aan ons bekend as die langste hoofstuk in die Bybel. Die ryke inhoud daarvan gee riglyne vir ons daaglikse lewe. Alhoewel daar nie sekerheid oor die skrywer is nie, word dit tog duidelik dat die digter worsteling beleef het met ellende, sonde, sameswerings en aanvegtings. Telkens bely hy dat daar net een oplossing is – die Woord van die Here.

Volgens oorlewering het Dawid hierdie Psalm gebruik om vir Salomo die alfabet te leer skryf maar dat dit inderdaad soos 'n geestelike alfabet vir die lewe is. Feitlik elke vers beklemtoon die waarde van God se Woord om lewe te gee, lig te verskaf, rigting te gee en geregtigheid te laat geskied. Dit word veral duidelik in vers 132-146 waar die digter sy intense worstelstryd beskryf. Fisies is hy gebreek en platgeslaan. Daarom *smag* hy met sy hele wese na God se geboorte. Ontsteltenis *verteer* hom. Angs en benoudheid *oorval* hom. Hy *roep* na die Here om sy gebede te verhoor. Geestelik verlang hy daarna dat sy lewensomstandighede moet verander. Dit kan alleen plaasvind wanneer daar 'n verandering plaasvind. Dit is die Woord van God wat lewe gee. Teenoor sy doodsbestaan wat gekenmerk word deur die belewenis van duisternis en donker, is daar 'n oplossing. Die begrip van lig en lewe word meermale in die Bybel gebruik om hoop en rigting te gee. In Psalm 119 word hierdie sekerheid ná elke worstelstryd beklemtoon. Dit is veel meer as net 'n geestelike bevryding. Die lig op die digter se pad word ook letterlik verstaan. Die woord wat gebruik word, dui hier op 'n lamp wat gebruik is om die pad te verlig. Dit is gewoonlik in die hand gedra om die onmiddellike omgewing waar jy geloop het, te verlig. Elke reisiger sou dan 'n eie lamp saamgeneem het. Ander reisigers kon ook die lampe raaksien, en so was daar dan lig vir almal op die pad. As jou lewe vandag stukkend is en jy platgeslaan is deur sonde, aanvegtings en met lewensvraagstukke worstel, is die Woord van God die beste plek om lig en lewe te kry! Die Woord het vlees geword en Christus self nooi almal wat vermoeid en belas is, om na Hom te kom. Hy sal rus gee.

Sing: Psalm 119:39 (1936)

Ds. PJ (Petrus) van Blerk (Rietvallei)